


# WEEK 2

## Kerngedagte: Ek behoort in die familie.

Week 2 van ons Volg reeks gaan oor om te behoort aan ‘n familie en so is elkeen ook deel is van die liggaam van Christus. Net soos een liggaam saamwerk het elkeen ‘n belangrike takie en vorm ons almal saam die liggaam van Christus.

Die kernvers is in  1 Kor 12:27 – Julle is almal saam die liggaam van Christus, en julle is ook elkeen ‘n deel van hierdie liggaam.

Die doel van die les is dat kinders sal weet en verstaan dat hulle deel het aan die liggaam van Christus.

Die kerk familie en almal wat Jesus volg, is Sy liggaam op aarde en werk saam vir Sy Koninkryk.  Elkeen het gawes en talente ontvang wat Hy wil hê ons moet gebruik. Dit beteken dat almal belangrik is vir Hom en dat Hy wil hê ons moet saamwerk om Sy koninkryk te bou.

Mag julle hierdie week beleef hoe elkeen in julle gesin belangrik is en net so ook belangrik is vir die Koninkryk van God.

# FAMILIE TYD!

## Aktiwiteit: Spin die lepel met 'n seën

**Benodig:**

Sit as familie om die etenstafel en plaas 'n lepel (onderstebo) in die middel van die tafel of gebruik 'n "twister" bord draaier.

Praat oor elkeen se plekkie in die huishouding en hoe God elkeen in die gesin geplaas het om te leer hoe om mekaar lief te hê en te waardeer. Laat die oudste kind die lepel of bord draaier op die tafel draai. Wanneer die lepelhandvatsel / bord draaier ophou draai en na iemand wys, het elke persoon om die tafel 'n beurt om een mooi ding te sê oor die persoon waarna die draaier wys en ook wat julle in hom of haar sien.
As almal klaar iets mooi gesê het, kan die 2de oudste kind die lepel draai. Almal kry weer 'n beurt om iets te vertel wat hulle van daardie persoon hou of waardeer, wanneer die lepel of bord draaier na 'n ander persoon wys. Gaan so voort totdat almal 'n beurt gehad het om die lepel te draai en om die tafel die woorde van waardering ontvang het.

Net soos ons almal deel is van die familie wil Jesus ook hê dat almal moet weet dat hulle deel is van Sy Familie en so ook Sy liggaam is. Elkeen is belangrik.

# PRAAT DAAROOR

Praat oor hoe dit sou wees as een in die gesin nie daar sou wees nie. (Dink oor spesifieke goed wat belangrik is vir die huishouding en wie verantwoordelik is vir dit bv. Mamma of pappa maak kos en die kinders help skoonmaak).
Praat oor hoe elkeen se deel en takie in die gesin belangrik is en dat elkeen ook 'n spesiale takie het om te doen as deel van die liggaam van Christus.

## Vragies:

- Hoe kan julle as gesin meer betrokke raak by julle kerk familie?

## Familie Gebedstyd:

Bid 'n seën gebed oor mekaar.